Skelmstreke maak steel maklik

Deur Jana Botha

Daar was in die afgelope tyd verskeie voorvalle by Ultra City waar goedere misterieus verdwyn uit voertuie sonder enige tekens van 'n inbraak.

Slagoffers het vertel hoe hulle kop gekrap het oor hoe iemand goed uit 'n voertuig kon gaps terwyl die voertuig gesluit is sonder dat daar 'n venster of slot gebreek is.

Daar is aangeneem dat iemand een van die deurhandvatsels buite sig skelm oplig as die sleutelhouer die voertuig sluit.

Goedere wat so gebuit word kan nie van versekering af teruggeëis word nie, omdat daar geen teken van 'n misdaad is nie.

Dit is kompleet asof jou kamera of selfoon soos mis voor die son verdwyn.

Twee inwoners van Middelburg het die **Middelburg Observer** geskakel nadat hulle van die voorvalle by Ultra City gelees het. Mnre. Willie Smit en Herman Pelser weet van 'n manier wat op 90% van alle karre werk. Hulle was bereid om dit by die **Observer** se kantore te kom demonstreer.

Toeskouers se monde het oopgehang toe mnre. Smit en Pelser bewys dat mens 'n kar se immobiliseerder heeltemal buitewerking kan stel deur gebruik te maak van 'n hek se afstandbeheer.

Die blote inhou van 'n knoppie op die afstandbeheer verhoed dat die immobiliseerders van meeste voertuie werk.

Die bestuurder van die geteikende voertuig stap dus doodluiters weg onder die indruk dat hy sy voertuig gesluit het.

Intussen staan jou voertuig wa-wyd oop, gereed om deur skelms besteel te word. Wanneer jy twee minute later terugkeer na jou voertuig druk jy die oopsluit knoppie en klim in jou voertuig, salig onbewus dat dit nooit gesluit was nie.

Bestuurders word gemaan om seker te maak dat jou voertuig sluit voordat jy wegloop.

jana@mobserver.co.za



Mnr. Willie Smit wys hoe hy sy eie voertuig se immobiliseerder heeltemal buitewerking stel deur gebruik te maak van 'n eenvoudige toestel wat oral en aan almal bekombaar is.